



Chris Vorster se PhD 'n ode aan impak van Egoli-skepper, Franz Marx

Geskryf deur Rulanzen Martin

'Erg intimiderend', is hoe [dr Chris Vorster](#) sy doktorsgraad in Kreatiewe Skryfkuns beskryf. Vorster het sy graad tydens die oggendseremonie van die Universiteit van die Vrystaat (UV) se April-gradeplegtighede ontvang. Hy is sedert 2015 'n dosent in [Film en Visuele Media](#) in die UV se Fakulteit Geesteswetenskappe.

Die doktorsgraad is ook die eerste PhD-kwalifikasie wat in die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans se [Kreatiewe Skryfkuns-kursus](#) behaal is – nie net 'n pluimpie vir dr Vorster nie, maar ook vir hierdie departement, asook vir sy studieleier en promotor, prof Henning Pieterse.

Die titel van sy proefskrif is *'n Praktykbeheerde perspektief op Franz Marx as die sentrale figuur in die ontstaan van die eerste Afrikaanse TV-dagvervolgverhaal*. Dit is 'n ode aan die werk en nalatenskap van Franz Marx wat in 2021 oorlede is.

Doktorsgraad verewig nalatenskap van Franz Marx

Die gebrek aan, of baie min inligting wat oor [Franz Marx](#) en ook oor ander TV-skrywers beskikbaar is, het dr Vorster genoop om sy proefskrif op die invloedryke Franz Marx te fokus. "Franz Marx se invloed op Suid-Afrikaanse televisie is legendaries en dit was 'n voorreg om sy nalatenskap te verewig," se dr Vorster.

Sy PhD-navorsing het hoofsaaklik uit twee fases bestaan. Die eerste fase het gefokus op die faktore wat Franz Marx as kunstenaar beïnvloed het in die skepping van die sepie *Egoli: Plek*

van Goud. Dit was praktykgebaseerde navorsing deur middel van onderhoude met Franz Marx en 30 TV-praktisyns, waarna hy dit binne die Suid-Afrikaanse TV-bedryf gekontekstualiseer het.

Die tweede fase was die kreatiewe skryfkuns-komponent, wat gerealiseer het in die vorm van 'n Afrikaanse telenovelle-hibriede met die titel *Skietstilstand*, wat fokus op 'n klein produksiespan wat sukkel om 'n nuwe sitkom te vervaardig. “Ek het dit (navorsing) verder ook in perspektief geplaas met behulp van ekstentiewe literatuurstudie,” sê hy.

Droom van gehalte-televisie as dryfveer

Daar moet vir enige doktorsgraad-kandidaat 'n mate van motivering wees om intensiewe navorsing oor 'n gegewe onderwerp te doen. Vir dr Vorster was hierdie motivering sy ewige wens dat daar eendag genoeg geld sal wees om gehalte-televisie in Suid-Afrika te vervaardig. “Ons het die talent en die wíl, maar sonder genoegsame begroting sal ons TV-bedryf altyd net vervelige klets- en kookprogramme oplewer,” sê dr. Vorster.

Vir mededosente en diegene met doktorsgraad-voornemens is dr Vorster se raad as volg:

“Doen BAIE moeite met jou navorsingsvoorstel, maak seker dat jou studie in *detail* uitgewerk is voordat jy die titel registreer; moenie oorhaastig wees nie! Verseker ook dat jou onderwerp iets is waarmee jy dag en nag vir jare en jare wil omgaan!”